

Naby-dood Ondervindinge: Illusie Of Ee?

'n Naby-dood ondervinding (NDO, of in Engels, NDE – Near-death experiences) is die verskynsel waar 'n mens doodgaan en jou liggaam verlaat, die geesteswêreld betree en weer terugkom in jou liggaam in. Verskillende mense het verskillende stories om te vertel van die geesteswêreld tydens hulle uit hulle liggame was: sommige het hulle eie liggaam van bo gesien lê, sommige was in die hel, ander in die hemel en ander het 'n lig gesien waarna hulle gestap het. Sommige mense het boosheid ervaar, ander ongelooflike liefde en sommige beide. Sommige beweer selfs dat hulle met God/Jesus kontak gehad het.

Naby-dood ondervindinge is 'n redelik kontroversiële kwessie. Ateïste sal dit altyd probeer afmaak as 'n illusie of hallusinasies, want dit is teenstydig met hulle materiële siening dat ons slegs met materie (atome) te doen het (as jy dit nie kan bewys nie, dan bestaan dit nie). 'n Groot groep Christene glo dat dit ee is omdat hierdie ondervindinge baie ooreenstem met wat die Bybel ons vertel: dat alle mense of hemel toe gaan, of hel toe. Dié wat in Jesus glo gaan hemel toe waar daar geen pyn en swaarkry is nie en die mense wat nie aan Jesus glo nie, gaan hel toe.

Daar is egter 'n groep Christene wat skepties staan teenoor NDO's. Hierdie artikel bespreek die hoof argumente wat soms gevoer word deur Christene wat dit glo en Christene wat skepties staan daarvoor. Kyk ook die volgende bylae aan die einde:

[Bylae A](#): Addisionele inligting oor NDO's

[Bylae B](#): 'n Debat tussen Christene op Facebook

[Bylae C](#): Die artikel "What Happens When We Die?" wat op 23 Sep 2008 in Time tydskrif verskyn het.

Ek wil begin deur te sê dat alle mense baie versigtig moet wees om enige ding as soetkoek op te eet as dit jou argument staaf. As Christene moet 'n mens baie versigtig wees om nie dadelik NDO's te glo net omdat dit ooreenstem met wat ons glo nie ('n hel, 'n hemel en Jesus wat vir ons in die hemel wag). Maar ons hoef ook nie oorkrities te wees op dinge wat nie letterlik uit die Bybel kom nie. Die hoof argument van Christene wat skepties staan teenoor NDO's, is juis dit – dat dit nie presies so in die Bybel voorkom nie. Dit is moontlik waar dat daar nie 'n duidelike NDO in die Bybel beskryf word nie, maar daarop kan 'n mens sê dat as iets nie pertinent in die Bybel genoem word nie, beteken dit streng gesproke nie dat dit nie gebeur het nie of dat dit verkeerd is. Al wat dit moontlik beteken is dat dit nie opgeskryf is nie. Maar wat belangrik bly is om alle dinge teen die Bybel te meet.

Kom ons bespreek 'n paar gevalle in die Bybel wat soos NDO's lyk:

Stefanus:

Net voor Stefanus dood is, kon hy tot in die hemel in sien. Handeling 7:

(55) Maar Stefanus, vol van die Heilige Gees, het opgekyk na die hemel en die heerlijkheid van God gesien en Jesus wat aan die regterhand van God staan.

(56) "Kyk," het hy gesê, "ek sien die hemel geopen en die Seun van die mens wat aan die regterhand van God staan."

Hier word dus duidelik 'n tipe NDO beskryf, alhoewel Stefanus nie hemel toe is en teruggekom het nie. Hy het kort hierna gesterf.

Paulus:

Paulus was self in die hemel en het teruggekom aarde toe. Hy vertel daarvan in 2 Kor 12:

(2) Ek ken 'n man wat aan Christus behoort. Veertien jaar gelede is hy weggeruk tot in die derde hemel. Of dit met die liggaam was of sonder die liggaam, weet ek nie, net God weet dit.

(3) Ek weet ook dat hierdie man weggeruk is na die paradys toe. Of dit met die liggaam was of sonder die liggaam, weet ek nie, net God weet dit. Daar het hy woorde gehoor wat 'n mens nie kan of mag uitspreek nie.

Party mense sê dat Paulus wel in die hemel was, maar dat hy niks mag vertel het van dit wat hy gesien en gehoor het nie, teenoor mense wat beweer dat hulle NDO's gehad het en terugkom en alles vertel wat hulle gesien het. Hierdie argument gaan egter nie op nie: dit is moontlik so dat Paulus spesifieke woorde gehoor het wat hy nie kon of mag uitspreek nie, maar tog het hy daarvan vertel – die spesifieke woorde wat hy in die hemel gehoor het, het hy egter weerhou.

Johannes:

Johannes skryf ook in Openbaring van 'n nuwe hemel wat hy gesien het:

Openbaring 21:

(1) En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie.

(2) En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.

Lasarus:

Party mense vra dat as Lasarus vir 4 dae dood was (Johannes 11), hoekom het hy nie 'n NDO gehad nie? Daar is twee moontlike verklarings:

Een: Sommige glo dat daar nie 'n hemel was voor Jesus se kruisiging en opstanding nie. Indien 'n mens kyk na veral Job en Psalms word daar baie negatief gepraat van die doderyk: Job sê bv in Job 26:5 "Dié wat reeds dood is, bewe, die doderyk en al sy bewoners." Hierdie is definitief nie 'n beskrywing van die hemel nie. Dawid sê bv in Psalms 6:6 : "Iemand wat dood is, kan tog nie u Naam bely nie. Kan iemand in die doderyk U prys?". Johannes 14:2 bevestig moontlik die idee dat die hemel nie voorheen bestaan het nie: "In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie." Hierdie skep die idee dat die hemel nog nie geskep was nie en dat Jesus dit sou gaan voorberei het. Dus, versonderstel daar was nie 'n hemel toe Lasarus dood was nie (dit was voor Jesus se hemelvaart), sou hy nie 'n NDO gehad het waar hy die hemel gesien het nie.

Twee: 'n Ander moontlikheid is die volgende: In Lukas 16:19-31 vertel Jesus die gelykenis van Lasarus en die ryk man en hoedat Lasarus hemel toe gegaan het en die ryk man hel toe. Dit is die enigste gelykenis waar Jesus 'n naam gebruik. Is dit 'n leidraad van wat Lasarus ervaar het toe hy 4 dae dood was?

In Lukas 16:28-31 volg die gesprek soos volg tussen die ryk man en Abraham:

(28) Ek het nog vyf broers. Laat hy hulle dringend gaan waarsku sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging beland nie.'

(29) Maar Abraham sê: 'Hulle het die woorde van Moses en die profete. Laat hulle daarna luister.'

(30) Hy antwoord egter: 'Nee, vader Abraham, maar as iemand uit die dood na hulle toe gaan, sal hulle hulle bekeer.'

(31) Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie al sou iemand uit die dood opstaan."

Sommige mense gebruik hierdie om te sê dat God nie homself sal openbaar deur NDO'e nie, omdat dit nooit sal help nie. Hierdie is nie 'n te slegte argument nie, maar die vraag is of die woorde van Abraham in vers 31 dit werklik impliseer? Moet ons werklik hieruit aflei dat indien mense nie die Bybel wil glo nie, sal letterlik niks hulle van opinie laat verander nie? Selfs nie eers 'n NDO nie? Ek is nie so seker nie.

Veronderstel egter 'n mens aanvaar dat NDO's nie Bybels is nie, dan laat dit jou met 3 opsies:

1. Die persoon maak sy eie stories op, met ander woorde, hy praat leuens.

2. Dit is hallusinasies.

3. Dit kom van die duiwel.

Kom ons kyk na hierdie 3 opsies:

1. Die persoon maak sy eie stories op

Dit is so dat daar baie grapmakers op hierdie aarde is. 'n Mens dink net aan al die kettingbriewe en ander twak wat 'n mens soms deur die e-pos ontvang. Dit is daarom dat webblaaie soos byvoorbeeld <http://www.snopes.com/>, <http://www.hoax-slayer.com/>, <http://www.museumofhoaxes.com/> en ook <http://www.truthorfiction.com/> ontstaan het – om hierdie twakstories te ontbloot. Die verskil is dat hierdie stories gewoonlik anoniem begin word, juis omdat die grapmaker nie wil hê dat die hele wêreld moet weet dat hy sulke nonsens kwytraak nie.

Ek dink dit is daarom baie onwaarskynlik dat mense sommer so sal jok oor NDO's. So 'n persoon se familie, vriende en werkskollegas sal hulle respek verloor vir iemand wat in die openbaar leuens vertel. Inteendeel, ek dink in die meeste gevalle verg dit moed om dit in die openbaar te erken, want mense kan dink dat die persoon van sy sinne beroof is. Dit is ook wat dr Sam Parnia se ervaring is (kyk bylae C).

Die vraag is wat so 'n persoon se motiewe sal wees om te jok hieroor: Ek weet nie van enigiemand wat ryk geword het uit sy getuienis van sy NDO nie (laat weet my gerus indien ek verkeerd is).

2. Dit is hallusinasies

Volgens dr Eben Alexander, is hierdie bloot wetenskaplik nie 'n opsie nie: Hy is 'n neurochirurg wat 'n naby-dood ondervinding gehad het toe sy korteks, die deel in die brein wat gedagtes en emosies beheer, heeltemal afgeskakel was agv 'n siekte wat hom eweskielik oorval het. Volgens hom kan jy nie enige gedagtes hê wanneer die korteks afgeskakel is nie en daarom maak dit glad nie sin dat 'n mens tydens 'n NDO ervaring beelde met soveel detail ervaar en dit onthou nie. Kyk ook wat sê dr Sam Parnia in Bylae C.

Die ander ding van hallusinasies is dat jy seker ook slegs kan halluniseer binne jou verwysings raamwerk: Dit is seker so dat mens kan hallusineer oor dinge wat 'n mens slegs baie vaag gehoor en gesien het – so vaag dat 'n mens nie eers kan onthou dat jy dit gehoor of gesien het nie. As jy egter nog nooit van bv Osama Bin Laden gehoor het nie, kan jy nie hallusinasies van hom hê nie (tensy dit van die duiwel of God kom, maar ons bespreek nou slegs suiwer hallusinasies – kyk volgende paragraaf). Net so kon Colton Burpo nie gehallusineer het dat Jesus aan die regterhand van God sit as hy dit nog nooit gehoor het nie. Die probleem hier is egter dat dit baie moeilik is om te bewys dat 'n mens nog nooit van iets gehoor het nie. Maar Ian McCormack kon bv onmoontlik nie hallusineer dat sy ma vir hom gebid het presies op die tyd toe hy 'n NDO gehad het nie. Dit is onmoontlik dat dit toeval kon gewees het.

3. Dit kom van die duiwel

Dit is so dat die duiwel baie dinge aan 'n mens kan openbaar:

- ♦ Jaco de Beer het in die debat hieronder 'n baie interessante skakel aangestuur oor die Nuwe Era (1-11 The New Age Movement) wat wys hoedat mense bonatuurlike dinge kan doen met die hulp van die duiwel, selfs al besef hulle nie eers altyd dat hulle dit deur die duiwel doen nie.
- ♦ Satan kan het al mense buite-liggaam ervarings laat ervaar.
- ♦ Lees ook Carl Wieland se getuienis voor hy tot bekering gekom het.
- ♦ 'n Mens dink ook aan waarsêery waar die duiwel soms waarhede aan mense openbaar.
- ♦ Ek het self al iemand ontmoet wat van dinge in die verlede geweet het. Dit moes bonatuurlik aan hom openbaar geword het en dit het definitief nie van God af gekom nie.

Nou is die vraag of alle NDO ook van die duiwel af kom. Ek kan dit nie indink nie. Die effek wat meeste NDO'e op mense het is dat hulle bewus word van die hemel en die hel. Ek kan nie sien hoe dit sleg kan wees nie. Die duiwel boos, maar hy is nie dom nie. Hoekom sal hy mense NDO'e laat ervaar as baie van hulle tot bekering kom?

Vandag is daar baie Moslems wat tot bekering kom deur drome wat hulle gehad het waar Jesus aan hulle verskyn. Is hierdie ook van die duiwel af? 'n Mens kan seker redeneer dat 'n droom iets anders as 'n NDO is, maar tog sien hierdie mense vir Jesus. (Dit sal interessant wees om te weet of hulle Jesus ook ooreenstem met die Jesus wat Akiane Kramarik geskilder het. Kyk Die hemel is werklik.)

Dit is interessant dat nie al die mense wat NDO'e gehad het, toegewyde Christene geword het nie: Dr Eben Alexander sê bv op sy webblad, <http://www.lifebeyonddeath.net/>: "Much of my work in meditating to achieve deep levels of consciousness since my near-death experience involves my use of meditative acoustics, initially as Hemi-Sync® audio signals [electronic mantras]. These were first elucidated by Robert A. Monroe, founder of The Monroe Institute (TMI) in Faber, Virginia, USA."

Hierdie is dinge waarby Christene nie betrokke moet raak nie.

In 'n onderhoud met Akiane Kramarik op Conversations at KCTS 9 in 2010, sê sy dat sy nie 'n spesifieke geloof aanhang nie. Dus is sy nie 'n Christen nie.

Maak dit dus alle NDO'e oneg of van die bouse? Ek dink nie noodwendig so nie. God het vir hierdie mense iets gewys en dit is hulle saak wat hulle daarmee maak. Hulle sal eendag moet verantwoording doen daarvoor.

Ten slotte:

Dus glo ek nie dat (1) mense NDO'e opmaak nie, (2) dat dit hallusinasies is nie, of (3) dat dit van die duiwel kom nie. NDO'e pas nie lekker in een van hierdie kategorieë in nie. Aanduidings is dat dit eerder eg is.

Ek moet erken dat as 'n mens sien hoe nie-Christene 'n tweede kans gegun word om nie hel toe te gaan nie, kom mens in die versoeking om te dink dat almal 'n kans sal kry soos bv Howard Storm, Mickey Robinson en Donald Whitaker, en dat dit nie nodig is vir mense om werklik erns met God te maak op aarde nie – 'n mens kan maar op aarde leef soos jy wil en as jy doodgaan kan jy bloot na Jesus roep. Maar dit is egter glad nie noodwendig wat met alle mense gaan gebeur nie. Ek sou nie-

mand aanraai om daardie kans te vat nie. Dit is dubbel in die hoogste graad. Ten spyte van hierdie versoeking, glo ek dat NDO'e baie meer goed doen as kwaad.

Bylae A: Addisionele inligting

Verskillende mense se getuienisse:

Colton Burpo: Colton Burpo was 'n 4-jarige seuntjie toe hy 'n NDO gehad het. Sy pa was 'n pastoor en sy geloof is baie versterk na hierdie gebeure. Kyk *Die hemel is werklik* en *Onderhoud op Fox news*.

Akiane Kramarik: 'n Meisie wat 'n ongelooflike talent het om te skilder. Sy beweer dat God haar leer skilder het vanaf ouderdom vier. Haar ouers was ateïste voor sy begin skilder het, maar hulle almal glo nou in 'n god. Kyk *Drawing heaven*.

Eben Alexander: 'n Neurochirurg wat 'n naby-dood ondervinding gehad het toe sy korteks, die deel in die brein wat gedagtes en emosies beheer, heeltemal afgeskakel was agv 'n siekte:

- ◆ Heaven Is Real: A Doctor's Experience With the Afterlife
- ◆ Wêreld gons oor 'hemelse visioen'

Op youtube:

- ◆ NDEr Dr. Eben Alexander The Butterfly Girl (6:48)
- ◆ Eben Alexander - My Journey into the Afterlife (2:43)
- ◆ Heaven is real, says neurosurgeon who claims to have visited the afterlife (2:41)
- ◆ Neuroscientist Shares His Near Death Experience (8:45)

Ian McCormack: Was 'n ateïs voor sy NDO, maar het kragtig tot bekering gekom daarna (soek vir "*Former atheist - man dies visits heaven and hell*" (10 dele) op <http://www.youtube.com/>). Kyk ook *A Glimpse of Eternity - Ian McCormack* (NDE Heaven Visit Testimony) (43:55) hoe dit uitgebeeld word in die DVD "The Lazarus Phenomenon", 2006 van Regardt van den Berg, regisseur van onder andere "*Faith like potatoes*". Sy webblad is <http://www.aglimpseofeternity.org/>.

Daniel Ekechukwu: Hy was 3 dae dood tot Reinhard Bonnke, wat in Nigerië was vir 'n uitreik, vir hom gebid het en hy lewendig geword het. Tydens die 3 dae was hy in die hemel en hel. Kyk na *Daniel Ekechukwu – Raised from the Dead* "Officially Died for 42 hrs & experienced Heaven & Hell" Video hoe Regardt van den Berg dit uitbeeld in "The Lazarus Phenomenon" en ook wat TruthOrFiction hieroor sê.

Donald Whitaker: Was 'n ateïs voor sy NDO, maar hy het van opinie verander daarna. Kyk *Divine Revelations en Ghosts, Demons, Hell Do Exist!*: "It is very easy to be an atheist when you're successful, but it's very difficult to be an atheist when you're laying on your death bed."

Howard Storm: Was 'n ateïs voor sy NDO, maar hy het van opinie verander daarna. *Heaven Hell. Atheist professor in Hell Meets Jesus* (Near Death Experience. NDE) (10:55)

Mickey Robinson: Het geen verhouding met Jesus gehad voor sy NDO nie, maar het nou. Kyk *Man dies, comes back to life, what he saw* (9:37)

A dying mans last words, a message from God your time is running out Jesus Christ is coming! (7:27) wys 'n man se waarskuwing op sy sterfbed dat 'n mens gereed moet wees sodat jy nie hel toe gaan nie. Hy vertel dat hy hel gesien het.

Dit is nie swaar om dood te gaan nie vertel van 'n vrou wat siek in die hospitaal was en wat versterk is deur Jesus self.

Ander bronne:

- ◆ 5 minute voor en na die dood, boek deur Isak Burger
- ◆ Brain chemistry and the fate of the personality after death (<http://www.creation.com/>)
- ◆ The Origin of Consciousness: Part 1 en Part 2

Bylae B: Debat op Facebook

Hier volg 'n debat oor NDO'e, gekopieer van Facebook. (Kommentaar tussen [blokhakies] is later bygevoeg.)

Henrietta Klaasing

21 Oktober 2012 om 08:45 VM

Dit sal nogal dom wees as 'n dr sy eie naam met 'n plank slaan, veral as mens 'n dr is wat juis die brein se werking ondersoek. Hier is die Dr self aan die woord: *Heaven Is Real: A Doctor's Experience With the Afterlife*.

When a neurosurgeon found himself in a coma, he experienced things he never thought possible—a journey to the afterlife.

Henrietta Klaasing

Daar is al oor die 2000 kommentare in enkele dae!

21 Oktober 2012 om 11:24 VM

Brunie Hunt

Henrietta, ek wil dit graag share vir my kinders om te sien. Dankie!

21 Oktober om 01:06 NM

Henrietta Klaasing

Met plesier Brunie. Ek het al van Dr Kubler-Ross se boeke gelees. Sy het as dokter by baie sterfbeddens gestaan en selfs sterwensbegeleiding gedoen. Sy het oor soortgelyke ervarings geskryf.

21 Oktober 2012 om 01:22 NM

Daniel Louw

Baie dankie hiervoor! Kyk ook *Die Hemel is werklik*.

21 Oktober 2012 om 05:30 NM

Jaco De Beer

Verskoon my as ek 'n woord van waarskuwing rig en om eers dinge te ondersoek rakende nadoodse besoeke aan die hemel of hel. Ek dink eerstens aan die vers waar Paulus se hy was daar en dat hy nie die reg gehad het om daarvoor te praat nie. Dan wonder ek wat is vandag anders dat ons in die dae waarin ons leef so baie sulke ervarings hoor.

And I know that this man was caught up into paradise-whether in the body or out of the body I do not know, God knows- and he heard things that cannot be told, which man may not utter. (2Cor 12:3-4, ESV)

Tweedens gaan lees ook gerus wat se Lighthouse trails, 'n betroubare apologetiese website, oor die skrywer en die insident.

Ek persoonlik is baie skepties teenoor die openbarings agv wat Paulus gesê het en tweedens oor die detail wat beskryf word.

From the Lighthouse Blog, Follow Up Story on Newsweek Article about Heaven: Author of "Proof of Heaven.

On October 10th, Lighthouse Trails posted the following: "Newsweek Cover Story on a New Age Perception of Heaven and God." This post included a letter from one of our readers telling us about a Newsweek cover story about one man's "near-death" experience and how this experience was very much like a Ne...

21 Oktober 2012 om 06:15 NM

Henrietta Klaasing

Jaco, ek hoor wat jy sê. Deur die jare het ek persoonlik in my kennis- en vriendekring met drie mense te doen gekry wat dieselfde ervarings gehad het - - hulle lewens en dié van hul gesinne het dramaties ten goede verander. Twee van hulle het vir jare daarvoor stilgebly en dit net aan enkelinge persoonlik vertel. Die derde persoon was 'n alkoholis wat weer die hel gesien het - die Here het aan hom die opdrag gegee om te gaan vertel en andere te waarsku, wat hy dan ook gedoen het.

21 Oktober 2012 om 06:42 NM

Henrietta Klaasing

Dankie Daniel, ek het ook die verhaal van klein Colin Burpo gelees. Ek het albei Dr Isak Burger se boekies vir myself gekoop - het dit baie leersaam gevind.

21 Oktober 2012 om 06:48 NM

Jaco De Beer

Ek hoor jou ook Henrietta, maar ons moet op grond van Skrif evalueer en nie op grond van mense se ervarings nie.

Verder was daar die rykman en Lasarus se storie. Die rykman het gevra om terug te gaan om sy familie en ander te waarsku. Die antwoord was dat as selfs iemand uit die dood opstaan sal hulle nie luister nie. Nou as God reeds daar gesê het Hy sal nie so iets doen om mense te waarsku nie, hoekom vandag.

“And he said, ‘Then I beg you, father, that you send him to my father’s house - for I have five brothers - in order that he may warn them, so that they will not also come to this place of torment.’ “But Abraham *said, ‘They have Moses and the Prophets; let them hear them.’ “But he said, ‘No, father Abraham, but if someone goes to them from the dead, they will repent!’ “But he said to him, ‘If they do not listen to Moses and the Prophets, they will not be persuaded even if someone rises from the dead.’” (Luke 16:27-31, NASB)

21 Oktober 2012 om 06:53 NM

Henrietta Klaasing

Jaco, Johannes was tog ook in die hemel, en hy gee heelwat meer besonderhede as Paulus.

21 Oktober 2012 om 06:53 NM

Jaco De Beer

Johannes was die toestemming direk van Jesus gegee om dit te skryf.

21 Oktober 2012 om 06:53 NM

Jaco De Beer

Paulus nie, en bygesê hulle was Apostels aan wie die oracles of God gegee was.

21 Oktober 2012 om 06:54 NM

Henrietta Klaasing

Jaco, vele mense het Jesus persoonlik gesien en gehoor en nie eers na Hom geluister nie! Judas het drie jaar intiem met Hom saamgehoop, en ons weet hoe hy uitgedraai het - en hy was OOK 'n apostel

21 Oktober 2012 om 06:57 NM

Jaco De Beer

Henrietta, ek bly by my evaluering uit die Skrif van die ervarings. Gaan lees gerus die link wat ek hierbo geplaas het dan sal jy sien Dr Alexander praktiseer ander onbybelse ervarings na die insident ook. Ek haal vir jou aan.

Dr. Alexander states:

Much of my work in meditating to achieve deep levels of consciousness since my near-death experience involves my use of meditative acoustics, initially as Hemi-Sync® audio signals [electronic mantras]. These were first elucidated by Robert A. Monroe, founder of The Monroe Institute (TMI) in Faber, Virginia, USA.

21 Oktober 2012 om 07:02 NM

Jaco De Beer

Hier is nog 'n aanhaling:

Dr. Alexander then advises how people can have the same deep meditation experiences that he is having:

If you are interested in pursuing such deep meditation, I recommend you take a 2-day Outreach Course (offered by TMI-trained personnel around the world) or take the introductory 6-day Gateway Voyage Course at TMI, or at one of their centers around the world. You will gain far more by training with a credentialed TMI facilitator.

The significance of this is that millions of people will read about this man’s mystical experience through Newsweek and other media (Yahoo News is now reporting on the story) and could be introduced to eastern meditation techniques, and begin practicing them in order to have a similar “heaven” experience that Dr. Alexander had.

21 Oktober 2012 om 07:05 NM

Jaco De Beer

Gaan loer gerus na die video van Justin Peters oor die tema. Ek was op Justin se seminaar vroeër die jaar in SA en sal hom baie sterk aanbeveel.

Justin Peters Explains Why Stories of Trips To Heaven Do Not Line up With the Bible.flv

Please visit Brannon House for more info on this and many other important subjects related to our Christian faith.

21 Oktober 2012 om 08:27 NM

Jaco De Beer

Caught Up to the Third Heaven (2 Corinthians 12)

<http://www.macarthurcommentaries.com/> ... I know a man in Christ who fourteen years ago - whether in the body I do not know, or out of the body I do not know, G...

21 Oktober 2012 om 08:30 NM

Daniel Louw

Jaco, ek dink nie daar is rede om so skepties hierteenoor te staan nie. John McArthur sê sommer hierdie mense praat nie die waarheid nie. Ek wonder of hy al die boek, "*Die hemel is werklik*" van die Burpo's gelees het? Hoe verklaar mens bv dat Colton Burpo en Akiane Kramarik presies dieselfde Jesus gesien het? Of is die Burpo's besig met liegstories? Hoe verklaar mens dat Eben Alexander, wat weet hoe die brein werk, baie duidelike beelde gehad het toe die deel in sy brein wat sy gedagtes en emosies beheer, afgeskakel was?

Ek dink ook Henrietta het 'n baie goeie punt - gewoonlik het hierdie mense se lewens ten goede verander.

Is dit nie deel van God se genade om vir ons te bevestig dat daar 'n hemel en hel is nie?

Wat ek en jy wel oor sal saamstem is dat 'n mens nie alles wat jou siening bevestig as soetkoek moet opeet nie.

21 Oktober 2012 om 09:49 NM

Jaco De Beer

Daniel, het jy die info gelees oor Dr Alexander? Het jy gesien wat se tipe meditasie hy voorstaan selfs na sy ervaring? Wat se jy daarvan?

Ek dink nie veranderde lewe alleen is 'n goeie maatstaf nie. Ghandi was seker een van die wonderlikste mense en tog was hy nie 'n Christen nie. [Latere byvoeging: 'n boodskap wat slegs 'n goeie lewe verkondig is slegs sinvol vir die lewe hier op aarde. NDO'e se effek is egter dat dit mense bewus daarvan maak om die ewige lewe te verkry. Die vergelyking met Ghandi is dus nie geldig nie.]

Dr Alexander claim hy het ook 'n Spirit guide wat hom gehelp het. Is jy bewus daarvan?

21 Oktober 2012 om 09:53 NM

Jaco De Beer

Ons moet alles op die Skrif baseer. Van die links wat ek hier gegee het kom van reputable ouens af wat se dis onbybels.

Johannes se openbaring was gegee deur God as profesie om in die Bybel geskryf te word. Die Bybel is toe en geen nuwe openbaring van die hemel is nodig nie. God se Woord is die finale. Ek glo glad nie in buite bybelse ervarings en openbarings nie.

21 Oktober 2012 om 10:00 NM

Jaco De Beer

Ek is baie nuuskierig wat Gideon Aggenbag se opinie is. Miskien kan hy ons ook help.

21 Oktober 2012 om 10:02 NM

Jaco De Beer

Hier is Tim Challies ook. 'n Baie goeie skrywer.

Heaven Is For Real

challi.he253.vps.webenabled.net

Embarking on a short tour of the afterlife is all the rage, it seems. Don Piper got it started with 90 Minutes in Heaven, a really bad book that sold millions of copies. Then there was 23 Minutes in H

21 Oktober 2012 om 10:04 NM

Daniel Louw

Is dit dan alles leuens?

21 Oktober 2012 om 11:30 NM

Jaco De Beer

Daniel, ek glo nie daarin nie. Sulke openbarings is nie Bybels nie. Ek beoordeel dit aan die hand van die Skrif en dan ook wat is doel daarmee. Die ervaring wat die persoon gehad het mag dalk tot 'n mate eg wees want ek kan se of iemand gelieg het nie. Maar die bron kan self of demonies wees in die vorm van 'n engel van die lig.

Eerstens is kennis van God en die hemel voldoende in die Bybel gegee en geen toevoeging is nodig nie indien ons wil ooreenkom dat wat Openbaring van die Bybel wys nie genoeg is nie.

Tweedens het Paulus duidelik gesê hy het dinge gesien in die hemel wat hy nie toegelaat is om te skryf nie.

Nou hoe kan iemand nou teen die Bybel gaan en sê ek het die reg gekry om dit te skryf.

21 Oktober 2012 om 11:41 NM

Jaco De Beer

Daniel en Henrietta ek wil graag net se ek verskil in liefde met julle as mede broer en suster. Ek weet waar ons lojaliteit le by Christus en God se Woord. Ons is mede strydere vir die waarheid. Ek dink ons kan op gesonde manier verskil. Ek staan saam met julle.

22 Oktober 2012 om 12:28 VM

Gideon Aggenbag

Jaco, ek sê AMEN op jou laaste pos. Mag dit altyd so bly!! Daarom kan ons by mekaar leer, soos die een hand die ander was. Ek stem ook saam dat God se Woord algenoegsaam is vir kennis tot redding. Die vraag is egter of ons die Woord reg lees.

Paulus skryf in 1Kor.12:4 dat hy “onuitspreeklike woorde gehoor het wat ‘n mens nie mag uitspreek nie” Die vraag wat dadelik by my opkom is: “Watter woorde het Paulus gehoor wat ‘n mens nie in sy mond mag/kan neem nie, of wat onsêbaar/onuitspreeklik is?”. Hierdie woorde het hy nie vir ons neer geskryf nie, maar hy het wel van sy ondervinding vertel – wel nie detail gegee nie, maar tog dat hy daar was en dat hy sekere woorde gehoor het wat mens nie mag/kan uitspreek nie.

Kom ons aanvaar vir ‘n oomblik dat dr. Alexander sekere dinge gehoor/gesien/gevoel het. Het hy dieselfde onuitspreeklike/onsêbare woorde gehoor as wat Paulus gehoor het? Ek twyfel, want God sou nie noodwendig dieselfde woorde vir dr. Alexander laat hoor het as wat Hy vir Paulus laat hoor het nie. Ek self aanvaar dat God daar (in die “paradys”) óók vir Paulus geleer het wat hy moes skryf, alhoewel Paulus dit nie spesifiek so stel nie. Waarvandaan anders sou hy al sy insigte wat hy vir ons neergepen het, gekry het? Hy het nie eens vir Jesus so persoonlik geken dat hy al die briewe wat ons in die Woord het, daaruit sou kon skryf nie. Waarvandaan sou hy dan al sy insigte gekry het? Ek meen daar, in die paradys waarheen hy weggeruk was, het hy van God “woorde” gehoor wat hy wel vir ons neergeskryf het. Dáárby het hy ook die “onuitspreeklike” woorde gehoor wat mens nie in jou mond kan/mag neem nie. (Hy is ook nogal só bedeesd oor die hele gebeurtenis dat hy nie eens vir ons sê dat dit hy self was wat weggeruk was nie.) Ek meen dus dat Paulus sekere woorde van God gehoor het wat hy vir ons móés neerskryf, maar dat ander woorde verborge moes bly.

In hierdie Skrifgedeelte vind ek niks wat sê dat mens nie van jou ondervindings/ervarings “in die paradys” mag vertel nie, of wat jy gehoor het nie. Paulus (in die paradys) en Johannes (in ‘n gesig) vertel dus altwee van dinge wat hulle gehoor, gesien, ondervind en ervaar het. Die uitsondering is dat Paulus woorde gehoor het wat nie mag/kan gesê word nie.

Ek kan dus nie saam met jou stem as jy sê dat Paulus geskryf het dat hy “nie die reg gehad het om daarvoor te praat nie.” Hy praat wel daarvoor. Hy sê dat hy onsêbare woorde gehoor het.

Betreffende die ryk man en Lasarus van Luk.16:19-31: Jesus haal Abraham se woorde aan: “AS hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan.” Dit is waar. Jy sê egter DAT God dáár gesê het “Hy sal nie so iets doen om mense te waarsku nie”. Dit is darem nie meer dieselfde as jy die “as” na ‘n “dat” verander nie. Ek kry ook nêrens (anders) die indruk dat God daarteen gekant is om mense te waarsku nie. Inteendeel....

22 Oktober 2012 om 02:01 VM

Henrietta Klaasing

Jaco ek waardeer vandat ek die eerste keer jou plasinge gelees het, die pragtige wyse waarop jy van

mense verskil, soos hier ook - dankie! Die drie mense wat ek hierbo van geskryf het, het dit persoonlik vertel, in klein kring. So dit is nie iets wat ek van 'n derde persoon gehoor het nie, of van gelees het nie. Vir my is iemand se MOTIEWE ook nogal 'n faktor: soek iemand sensasie of wil die persoon geld maak uit die storie? Nie in een van hierdie gevalle het ek so iets vermoed nie - eerder 'n heilige erns en verwondering.

Ek het self al wonderlike belewenisse gehad, wat ek net met my familie gedeel het; sommige daarvan na jare eers, JUIS om die "gereformeerde" aard van die tradisie waaruit ek kom.

22 Oktober 2012 om 08:30 VM

Jaco De Beer

Dankie Gideon vir die terugvoer. Ek voel ook dat die rede hoekom Paulus so baie boeke geskryf het, het te doen met sy opneem na die hemel en ontmoeting daar met Christus. EK glo egter daar is dinge wat hy gesien het wat nie opgeskryf is nie omdat hy nie die opdrag gekry het om dit te doen nie. Aldus die Bybel se heilige inspirasie. Ek voel nogal die dinge wat hy nie geskryf het nie was juis die dinge wat hy daar gesien het. Daarom bevraagteken ek die ouens se detail oor die hemel. Uit wat Paulus gesê het kan mens aflei dat hy daar vir Christus ontmoet het, maar hy skryf nie daai detail neer nie. Hy skryf wel die lering wat hy ontvang het. Soos die van die ouens se hulle byvoorbeeld op Jesus se skoot gesit het en nog baie ander detail. Dis juis die detail wat ek as verkeerd sien en wat Paulus nie geskryf het nie.

Ek stem egter dat waarskuwings deur God na 'n persoon of groep persone nog steeds kan gebeur, maar ek bevraagteken of 'n "hemelse" visie van die aard die basis moet wees of is. Dit grens vir my aan die wondertekens wat die ryk man gevra het en ook die fariseërs in Matt 12:38-39. Ek glo as die Here mense wil waarsku deur iemand sal hy iemand oprig met 'n profetiese boodskap uit die Woord en dan so persoon stuur met die opdrag en boodskap soos Jona.

Verder soos ek reeds gesê het voel ek dat die Woord in boeke soos Openbaring en Daniël en nog vele ander God se Openbaring aan ons is wat in die hemel aan die gang is. Die tipe openbarings staan vir my teen dit en raak soos buite Bybels openbarings.

Henrietta dankie dat jy die gesindheid verstaan en dit ook deel.

22 Oktober 2012 om 09:49 VM

Gideon Aggenbag

Ek glo darem nie dat ons kan sê dat dít wat nie in die Bybel opgeskryf is nie, 'n opdrag sou gewees het om dit nie op te skryf nie. Die essensie is wel opgeteken. Johannes sê bv. in Joh.1:25: "En daar is nog baie ander dinge wat Jesus alles gedoen het; maar as hulle een vir een beskrywe moes word, sou die wêreld self, dink ek, die geskrewe boeke nie bevat nie."

Ek kan nie onthou of enigiemand van wie hierbo gepraat is, aanspraak gemaak het op 'n hemelse visioen nie – hulle vertel slegs dít wat hulle ervaar het. En hier pas die antwoord wat Lasarus gehoor het, in: "AS HULLE na Moses en die Profete NIE LUISTER NIE, [DAN] sal hulle nie oortuig word nie..." Dit strook met dít wat ons in die kommentare van lesers op dr. Alexander se verhaal sien: ongelowiges word nie oortuig nie (inteendeel – hulle spot daarmee) maar vir ander is dit 'n bemoediging en vertroosting. In hierdie dinge moet ons egter ook op ons hoede wees vir dít wat met die duidelike essensie van Gods Woord bots.

Al het Jesus dit teen dié "slegte en owerspelige geslag" wat SOEK na wondertekens, beteken dit nie dat tekens om daardie rede taboe is nie. Hy het dit immers self voor hulle oë gedoen, sê Hy dat sy dissipels dit ook sal doen en gebeur dit nog steeds - ook in my eie lewe. Op feitlik daaglikse basis ondervind en sien ek God se liefdevolle versorging en Sy almagtige teenwoordigheid in my lewe. Uit baie oorde (selfs oor jare) kom skynbaar niksseggende voorvalle bymekaar. Maar as ek dit NIE met 'n geloofs-oog bekyk het nie, sou dit my nie oortuig het nie. Dit is nie dinge waarna ek SOEK nie, maar wat ek nie kan miskyk nie.

As iemand dus as't ware uit die dood terugkom en van hierdie dinge vertel, en dit is nie in botsing met Gods Woord nie, is dit vir my net so 'n bemoediging soos wat my eie lewens-ervarings is. Ek sien nie eintlik 'n verskil tussen dít en my daaglikse belewenis nie.

22 Oktober 2012 om 11:22 VM

Jaco De Beer

Oor wonders glo ek vas daarin. Ek glo God kan vandag nog iemand uit die dood opwek. Dit gaan meer vir my oor die hemelse visies en ervarings.

Tot watter mate staan die ervarings en visies teenoor die charismatiese visies dan. As die tipe visies

OK is, wat in my opinie ekstra Bybelse openbarings of byvoegings is, wat is dan so ongeoorloof van erg charismatiese ouens se visies wat amper presies dieselfde ervarings het.

Hier is baie bekende charismate wat soorgelyke ervarings gehad het:

Jesse Duplantis, Kenneth Hagin, Rick Joyner, Bill Wiese en nog baie wat soortgelyke boeke geskryf het.

Die aanhalings hieronder is ook hoe ek voel:

Many of the details Colton provides us of the other side though not necessarily “unbiblical” per se, they are certainly extra-biblical. For instance, he claims there are thousands of colors not known here on earth, that all in Heaven have a light over their heads and wings, and that there were all kinds of animals everywhere. These cannot be said to contradict Scripture necessarily, but neither does Scripture validate such descriptions. While many would have no problems with such claims, I believe there are several.

The Apostles Paul and Peter taught that all Scripture is inspired and wholly sufficient to fully equip us as believers (2 Tim. 3:16; 2 Peter 1:16-21). In other words, there simply is no need for such revelations; they are wholly unprofitable. The question then arises, if God wanted for us to know these details of Heaven via Colton Burpo, why did He not just include them for us in His sufficient Word?

If young Colton did indeed go to Heaven and see these things, then we can take them to the proverbial bank. The myriads of colors, lights over heads, wings, animals, etc., must all be taken as actual, real, authoritative revelation of what Heaven is truly like. This comes dangerously close to violating the warning provided in Revelation 22:18 to not add to “the words of the prophecy of this book.” Even if one holds that “this book” refers only to the book of Revelation, the difficulty is by no means alleviated. Given that all Scripture is equally authoritative, we find in that warning a principle that applies to adding to anything God has spoken. That warning is repeated in other places showing that God is serious about not adding to His revelation.

22 Oktober 2012 om 11:48 VM

Jaco De Beer

Die is ook 'n goeie opsomming wat ek van die artikel aangeheg afgehaal het. Ek volstaan met my opinie dat ek nie saamstem met die openbarings nie weens die redes wat ek gegee het. Groete.

Conclusion

